Posbus 31
KORINGBERG
7312

8 Mei 2006

Mnr. Keith Woods
Mededingingskommissie
Faks Nr. 012-3944258

Geagte Mnr. Woods

Ek verwys na berigte in "Die Rapport" van 7 Mei 2006 en bring graag die volgende onder u aandag: "Só melk banke jou!"

1. Ek lig net die volgende feite uit: Die banke hef nie slegs kostes as sou van die N.B.S. gebruik gemaak word nie. Vir elke wissel/tjek wat gebruik word, vir elke bedrag wat inbetaal word, word buitensporige fooie gehef. Dit word eenvoudig teen die rekening gehef, dan word die limiete oorskry, 'n brief word uitgestuur (wat eers maande na die uitreiking deur die kliënt ontvang word - gewoonlik nadat die oortrekking alreeds herstel is!)

2. Om 'n kroon te span, word R60,00 gedebiteer vir die brief, as dit sou gebeur dat enige ander tjek/debietorder aangevra is op dieselfde dag wat die bank sy pond vleis eis en voordat die fondse wat reeds inbetaal is, maar nog nie op die rekening wys!, in die rekening wys, word die debietorder dishonoreer en word 'n verdere R75,00 geëis!

3. Dit help ook nie eens dat 'n mens probeer om na 'n ander bank te gaan nie, want al die groter banke doen presies dieselfde en is so kop in een mus dat hulle nie 'n rekening vir die kliënt wil open nie, omdat dit vir hulle 'n "risiko" inhou na aanleiding van die debietorders wat dishonoreer word.

Ek stem volkome saam - dit is hoog tyd dat die banke vasgevat word. Dit is veral die laer inkomste groepe wat geweldig benadeel word.

Indien u enige verdere bewyse verlang of ek enige verdere inligting kan verskaf, kan ek gekontak word by tel. en faks 022-4238736 of selfoon 083 584 4025.

'n Afskrif van hierdie brief word ook deurgefaks aan Rapport. vir Aandag Lizel Steenkamp.
Faks no 021-4062394.

Met agting.

Die uwe

Me. E. MCLOUGHLIN